

## MINDER BEKENDE VOORTREKKERLEIERS\*

J.C. Visagie

*Universiteit van Stellenbosch*

### Less well-known Voortrekker leaders

This study shows that apart from the eight or so “notable” figures who led groups of Voortrekkers from the Cape Colony in the years 1835 to 1842, numerous other, “less well-known”, ones also led groups. Of the latter leaders, virtually all are now unknown, and most of us are not even aware of their having acted as trek leaders. Of these “minor leaders”, twenty-one are discussed briefly, and in each case reasons are given why he should in fact be regarded as a Voortrekker leader. Genealogical data are provided for each leader, as well as further information (if available) on, for example, the district and ward where that person lived in the Cape Colony, any public offices held by him in the Colony, the size of his party, the date of their departure, their routes, and his subsequent influence as a leader. It is also argued that a few of these so-called minor leaders were in fact more influential and better qualified for their role than some of the well-known ones.

In hierdie studie word aangetoon dat daar benewens die stuk of agt “belangrike” leiers wat trekke uit die Kaapkolonie in die jare 1835 tot 1842 aangevoer het, daar ook baie ander “minder bekende” leiers was wat trekgroepe gelei het. Vandag is hierdie leiers feitlik almal onbekend en is die meeste van ons nie eens bewus dat hulle as trekleiers opgetree het nie. Voorts word 21 van die “minder bekende leiers” kortliks behandel en by elkeen aangetoon waarom hulle wel as Voortrekkerleiers beskou kan word. By elke leier word genealogiese gegewens verskaf asook inligting (indien beskikbaar) soos bv. die distrik en wyk waar die persoon in die Kaapkolonie gewoon het, ampsposisie in die Kolonie indien enige, grootte van trekgeselskap, vertrekdatum, roete, en latere invloed as leier. Daar word ook genoem dat enkele van die sogenaamde minder bekende leiers in der waarheid oor heelwat meer invloed en leierseienskappe as sommige van die bekende leiers beskik het.

Dit kan nogal misleidend wees om die Groot Trek met ’n massa emigrasie of uittoeg te vereenselwig. ’n Grootskaalse emigrasie tower onmiddellik die beeld op van mense wat in groot groepe of trekke die land verlaat het. Só ’n beeld van die Groot Trek het baie van ons in skoolhandboeke gekry, maar dit is nie die hele waarheid nie. Trouens, dit is waarskynlik nie eens ’n halwe waarheid nie.

Natuurlik was daar enkele trekgeselskappe wat veral noord van die Oranjerivier in groot groepe noordwaarts beweeg het. Maar selfs hierdie trekke, bv. dié van Maritz, Potgieter en Retief, het dit gewoonlik om verskeie praktiese redes nodig gevind om uit te spreid en was dit dikwels meer familie-groepe wat bymekaar gehou het. In Erasmus Smit se dagboek is daar voldoende aanduiding dat mense dikwels van geselskap verwissel het en dat familiebande en vriendekringe bepalende faktore in dié verband was. In die geheel gesien, was die Groot Trek ’n massa emigrasie, maar die oorgrote meerderheid emigrante het as enkelgesinne, familie-groepe of hoogstens in trekgeselskappe van nie meer nie as ongeveer 150 siele die Kaapkolonie verlaat.

Dit is dan ook die sogenaamde kleiner trekke en “minder” of selfs heeltemal “onbekende”

---

\* Oorspronklik is hierdie studie aangebied as ’n referaat by die Groot Trek-simposium van die S.A. Historiese Vereniging op Potchefstroom, 18/1/1988. Hierdie weergawe is egter hersien en aansienlik bygewerk.

Trekkeleiers wat hier die aandag geniet. 'n Hele paar van die minder bekende of onbekende leiers was in der waarheid invloedryke grensboere wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis goedsdiks “plekke” met “bekende” persone soos Louis Tregardt of Johannes Jacobus Janse van Rensburg sou kon geruil het. Die bespreking hieronder word op enkele uitsonderinge na beperk tot persone wat tot dusver positief as trekkeleiers geïdentifiseer kon word.

**BURGER, JACOBUS JOHANNES** (*b2c2d3e8 gebore Stellenbosch 2/4/1795 oorlede Nootgedacht, Orligstad 10/5/1849*)<sup>1</sup> Die bekende latere sekretaris van die Natalse Volksraad, Jacobus Johannes (Kootjie) Burger, is in 1817 met Jacomina Christina van Niekerk getroud. Hoewel Burger in Natal en veral in Orligstad dikwels as leier na vore getree het, kan hy nie juis as 'n trekkeleier bestempel word nie. Hy en sy familie het begin 1838 die wyk Uitvlucht (teenswoordig die Richmond-omgewing) in die distrik Graaff-Reinet verlaat. Aanvanklik was dit dus slegs 'n familietrek wat uit twee of drie gesinne bestaan het. Soos hulle op die trekpad na die noordooste gevorder het, het daar ook nie juis 'n noemenswaardige getal gesinne by hulle aangesluit soos dit dikwels met ander leiers die geval was nie. By Colesberg het ene Piet Naudé en sy gesin en aan die Rietrivier in die Transoranje 'n Hermanus Grové by hulle ingeval.<sup>2</sup> Dit kan dus beswaarlik 'n trekgeselskap genoem word. Tog was die trek van Kootjie Burger baie tipies van hoe die meeste mense na die noorde verhuis het. Enkele dae voor die slag van Bloedrivier het Burger hom en sy familietrek by die laer van Maritz aangesluit.<sup>3</sup> Sover ons weet, het Kootjie Burger nooit 'n militêre rang soos bv. kommandant beklee nie. Eweneens is dit 'n sterk aanduiding dat hy nie as 'n leier van 'n trekgeselskap of laer opgetree het nie.

**DE BEER, JAN MATTHYS** (*b5c4d8e1 gebore circa 1812 getroud (X) Cradock 2/3/1834 Elsie Magdalena Jordaan*).<sup>4</sup> Vermoedelik was hy die Jan Matthys de Beer waarna P.J. Coetser (Coetzer?) in sy “Herinnerings” verwys.<sup>5</sup> Coetser beweer dat hulle die Kolonie in 1836 verlaat het. Uit sy oorlewering kan dit afgelei word dat hulle in die Tarka gewoon het. Volgens die doopregisters het Jan Matthys de Beer ook daar gewoon. Trouens, enkele weke voor die bekende Andries Hendrik Potgieter die wyk Tarka verlaat het, het die egpare De Beer en Potgieter saam kinders laat doop.<sup>6</sup> De Beer word met huiwering by hierdie lys ingesluit omdat dit eintlik net die “Herinnerings” van Coetser is waarin hy as “voorman” van hulle trekgeselskap bestempel word. Coetser noem dit pertinent dat hulle nie 'n bepaalde “hoofdleider” gehad het nie, “doch Jan Matthijs de Beer was de voorman.” Die trek het bestaan uit 36 waens en het in 'n stadium in Natal by die geselskap van Jacobus Potgieter aangesluit.<sup>7</sup> De Beer was kennelik net 'n tydelike leier en was bowendien tydens die trek te jonk om werklik invloed uit te oefen.

**DE KLERK (CLERCQ), JACOB JR.** (*b6c3d5 gebore distrik Graaff-Reinet, teenswoordig Beaufort-Wes 18/12/1791, die bekende eerste landdros van die gebied wes van die Drakensberg, oorlede Dajsjespruit, distrik Lydenburg 12/5/1881 X Graaff-Reinet 28/3/1813 Anna Susanna van*

Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Boedel 19327.

S.W. Burger, Herinnerings, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, IV (Pretoria, 1924), pp. 66–67.

3. Kyk ook Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, II (Kaapstad, 1920), p. 258 en E. Judson, “Jacobus Johannes Burger”, *S.A. Biografiese Woordeboek* (Durban, 1981), IV, pp. 68–70.
4. J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse Geslagregisters*, I (A–C) (Pretoria, 1986), pp. 178–179.
5. P.J. Coetser, Herinnerings, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, IV, pp. 35–64.
6. Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), VC 719, Doopregister, Cradock 1832–1837, 22/11/1835, no. 1060.
7. P.J. Coetser, Herinnerings, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, IV, p. 36.

den Berg b1c9d2e1 gebore 23/4/1793 oorlede 20/2/1868).<sup>6</sup> As Voortrekkerleier het De Klerk nog glad nie tot sy reg in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gekom nie. Merkwaaardig genoeg beskik ons oor redelik presiese besonderhede van sy trekgeselskap. De Klerk het geboer op die plaas Matjiesvlei (Matjes Valley) in die wyk Nuweveld van die adjunk-drosdy Beaufort(-Wes) in die distrik Graaff-Reinet.<sup>9</sup> Matjiesvlei staan tot vandag onder die naam bekend en is met die Loxton-pad bereikbaar, ongeveer 25 km noord van die dorp Beaufort-Wes.<sup>10</sup>

As inwoner van die noordgrens sou De Klerk se motivering om te emigreer heelwat verskil het van diegene wat uit die oos- en noordoos-grensgebiede getrek het. Daarom is dit van belang om uit sy pen te verneem dat die leegloperprobleem ook in sy kontrei 'n bron van irritasie was.<sup>11</sup> Die belangstelling ten opsigte van De Klerk word veral geprikkel wanneer die brief van H.J. Hendricks (F-seun) in *De Zuid-Afrikaan* van 8 September 1837 gelees word. Hendricks het sy skrywe aan die koerant gerig sowat twee maande nadat De Klerk die Kolonie verlaat het. Hierin meld hy dat hy en sy vriend, Jacob de Clercq J. Seun, ongeveer vier jaar tevore 'n "zamenspraak tusschen Piet en Klaas" aan die redakteur gestuur het. Die artikel is volgens Hendricks toe wel in *De Zuid-Afrikaan* gepubliseer. Tot my groot teleurstelling kon ek die artikel tot dusver nog nie opspoor nie. Ek sê teleurstelling, want in Hendricks se brief is dit baie duidelik dat die inhoud van daardie "zamenspraak" die een of ander verwysing na, of sinspeling op, 'n emigrasie bevat het, want hy merk op dat hy en De Klerk toentertyd (ongeveer 1833) nooit kon dink dat die "verhuizing zoo algemeen zoude worden, ofschoon wy dikwerf daarover spraken."<sup>12</sup>

Dat die trekgedagte redelik vroeg brandende vrae by De Klerk laat ontstaan het, is nie te betwyfel nie. Op 15 Desember 1836 het hy met 'n perdewa uit die Nuweveld na die Voortrekkers aan die Blesberg vertrek. Onder andere was hy deur die later bekende Jan Bantjes vergesel. De Klerk se besoek aan die laers was kennelik om inligting in te win en om helderheid in sy eie gemoed te kry of hy tot die finale stap van emigrasie moet oorgaan.<sup>13</sup>

Met sy terugkeer na die spogplaas Matjiesvlei het De Klerk as 't ware reeds van sy vaste eiendom in die Nuweveld afskeid geneem. Vir hom was dit nou glashelder dat sy toekoms en die van sy gesin iewers noord van die Oranje gelê het. Op 14 Februarie 1837 het hy Matjiesvlei aan ene Kinnear van Beaufort verkoop.<sup>14</sup> Sy vader, Jacob sr, was reeds 80 jaar oud, maar het blykbaar met groot vertroue sy seun se voorbeeld gevolg en sy waardevolle plaas Klipkraal in die Nuweveld van die hand gesit. Op Klipkraal het daar, benewens Jacob sr, ook nog 'n seun van Jacob jr (eweneens Jacob gedoop) en twee ander seuns van Jacob sr, nl. Cornelis en Izaak Johannes, met hul gesinne gewoon. 'n Ander seun van Jacob sr, Abraham Johannes, het ook in die Nuweveld op die plaas Coornlandskloof geboer. Saam met laasgenoemde het ene Jan van Staden gewoon. Albei het tot De Klerk jr se trekgeselskap behoort.<sup>15</sup> 'n Skoonseun van die

Vgl. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families* (Kaapstad, 1966), p. 397; J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad 1838-1845, 7/9/1839, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal No. 1*, p. 17; TAB, Sterftekennis in Boedel MHG 0/1774 van 1881.

KAB, CO 2772, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrates, Graaff-Reinet, Nominal list of all persons, who are known to intend to emigrate (ingesluit by J.J. Meintjes – Chief Secretary to Government, Beaufort, 4/4/1837, no. 17).

Vgl. Suid-Afrika 1:250 000, Topo-Kadastrale vel 3222, Beaufort-Wes.

*De Zuid-Alfrikaan*, 18/7/1834, no. 228 (Jacob de Clerq jr – Redakteur, 1/7/1834).

12. *De Zuid-Afrikaan*, 8/9/1837, no. 399 (H.J. Hendricks – Redakteur, 29/8/1837).

13. Erasmus Smit, *Dagboek*, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, II, 30/12/1836, p. 78.

14. KAB, CO 2772, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrates, Graaff-Reinet, J.J. Meintjes – Chief Secretary to Government, 16/9/1837, no. 50.

15. Vgl. bron in noot 9 hierbo.

trekleier, Cornelis Michiel du Plooy wat in die Koup geboer het, het waarskynlik ook kort daarna die Kolonie verlaat.<sup>16</sup>

De Klerk se vertrekdatum kan ongeveer as middel Julie 1837 vasgestel word. Op 7 Julie 1837 is vir hom en sy vrou nog 'n dogtertjie gebore,<sup>17</sup> maar reeds die einde van dieselfde maand het De Klerk se trekgeselskap die Oranjerivier oorgesteek. 'n Korrespondent van *The Graham's Town Journal* berig kort hierna dat De Klerk se geselskap uit 30 waens bestaan en dat hulle die Oranje by Allemansdrif oorgesteek het.<sup>18</sup> Die reeds genoemde vriend van Jacob de Klerk, H.J. Hendricks, wat hoogs waarskynlik sy vriende sien vertrek het en kort daarna hieroor geskryf het, het verdere besonderhede verskaf. Volgens hom was daar 11 gesinne en 27 waens in De Klerk se geselskap.<sup>19</sup> Hierdie gegewens stem min of meer ooreen met die getal persone wat deur die siviele kommissaris van Beaufort, J.J. Meintjes, gerapporteer is. Soos reeds hierbo genoem, het vyf gesinne De Klerk die trek meegemaak, asook 'n ongetroude seun van Jacob jr. Volgens Meintjes se verslag was daar ook nog drie ander gesinne in hierdie groep, nl. Jan van Staden, ook reeds hierbo genoem, Andries Stephanus du Toit van die dorp Beaufort, en Cornelis Willem du Plooy van die plaas Uitkyk in die wyk Gamka. Meintjes het dus gerapporteer dat daar 9 gesinne in die groep was wat vermoedelik almal saam met De Klerk vertrek het.<sup>20</sup> 'n Mens is egter geneig om eerder Hendricks se besonderhede te aanvaar omdat Meintjes se lys opgestel is vóór die geselskap vertrek het en daarby op hoorsê berus het.

De Klerk se latere aanstelling as landdros van die Afrikanerboere wes van die Drakensberg bevestig dat hy 'n man van aansien was en 'n bo gemiddelde opvoeding ontvang het. Hy het deurgaans as leier van sy eie geselskap opgetree en daar is selfs aanduidings dat sy aanhang nie net tot 'n familietrek beperk gebly het nie.

**DE LANGE, JOHAN HENDRIK** (*a1b10c2 gedoop Graaff-Reinet 8/12/1799 oorlede (tereggestel) Ladysmith, Natal, 26/3/1861 X Graaff-Reinet 26/1/1817 Catharina Cornelia Lombard*).<sup>21</sup> Onder die Voortrekkerleiers uit die tweede linie is Johan Hendrik (Hans Dons) de Lange waarskynlik van die bekendste. Wat egter nie algemeen bekend is nie, is dat De Lange leier van 'n trekgeselskap was.<sup>22</sup> Deur middel van die bestudering van kaarte en veral na die ontdekking van die plaas Hans Donsieskraal aan die Klaas Smitsrivier naby die Penhoekpas, kon vasgestel word dat De Lange 'n jaar of twee voor sy vertrek uit die Kolonie net oos van die Tarka-grens gewoon het.<sup>23</sup> De Lange se trek het vroeg Oktober 1837 die ander Voortrekkers by die Drakensberg ingehaal, maar dit is duidelik dat hulle feitlik deurgaans hulle eie laer gehad het.<sup>24</sup>

16. KAB, CO 2778, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Beaufort, List of the names of heads of families who are preparing to emigrate beyond the land boundaries of the Colony (ingesluit by J.J. Meintjes – Secretary to Government, 26/5/1838, no. 30, pp. 75-76), pp. 77.

17. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 397.

18. *The Graham's Town Journal*, 14/9/1837, no. 289 (The Emigrant Farmers, 2/8/1837).

19. Kyk bron in noot 12.

20. KAB, CO 2772, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Graaff-Reinet: Nominal list . . . (ingesluit by J.J. Meintjes – Chief Secretary, 4/4/1837, no. 17).

21. Vgl. J.C. Visagie, "Johan Hendrik de Lange", *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (Durban, 1987), V, pp. 192-194; KAB VC 673, Doopregister, Graaff-Reinet 1792-1805, 8/12/1799; KAB, VC 684, Huweliksregister, Graaff-Reinet 1806-1839, 26/1/1817, p. 59.

22. Vgl. onder andere Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller, *Voortrekkerense*, II, 20/2/1838, p. 176.

23. Hulle het ook 'n kind daar laat doop. Vgl. N.G. Kerkargief, Kaapstad, G 11, 5/3 Doopregister, Cradock 1832-1837, 4/4/1836, p. 301.

24. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller, *Voortrekkerense*, II, 4/10/1837, p. 135 en 8/12/1838, p. 256.

'n Studie van De Lange se lewe op die oos- en noordoosgrens van die Kaapkolonie het nuwe insigte en begrip in die ontstaan van die trekgedagte gegee. Tesame met studies oor die lewe van Voortrekkers soos Lucas Johannes Meyer, Philip Rudolph Botha en andere, kan ons met al hoe groter sekerheid sê dat die voorbereidingsfase van die Groot Trek 'n baie deegliker beplanningstadium, meer skakeling tussen leiers en verkenning van die binneland behels het as waarvan ons tot so ongeveer vyftien jaar gelede bewus was. Só bv. kan ons vandag beweer dat daar beslis voor die Groot Trek méér verkenning van die binneland gedoen is as die drie verkenningskommissies van 1834–1835 wat so goed bekend is. Verder kan ons vandag met 'n redelike mate van sekerheid aanneem dat enkele oosgrensboere interessante ontmoetings met swart heersers in die binneland voor die Groot Trek gehad het en dit die trekplanne van die vroeë Voortrekkerleiers kon beïnvloed het.<sup>25</sup>

**DU PLESSIS, JAN** (*b6c1d10e1 gebore 28 of 29 Augustus 1803 indien sterftekennis korrek is, gedoop 28/10/1804 oorlede Du Plessisdal, Harrismith, 21/2/1877 X Susanna Geertruida Jordaan b1c5d6e3/4 gedoop 28/9/1806*).<sup>26</sup> Benewens Andries Hendrik Potgieter was daar minstens vyf ander minder bekende Voortrekkerleiers wat trekke uit die veldkornetskap Tarka aangevoer het. Hulle was die reeds behandelde J.M. de Beer, en dan verder Johannes Jacobus Erasmus, S.P. Erasmus, Jacobus Christoffel Potgieter en Jan du Plessis. Laasgenoemde twee leiers was gedurende die ontplooiingsfase en daaropvolgende laertydperk in Natal so onafskeidbaar soos Dawid en Jonathan. Du Plessis het al in 1823 in die wyk Tarka in die distrik Somerset gewoon. 'n Testament van hom en sy vrou in hierdie tyd toon aan dat hulle op Rietvlei gewoon het.<sup>27</sup> Later het hy die teenswoordig goed bekende plaas Groot-Haasfontein in die Tarka besit, maar dit in 1833 aan 'n broer van Hendrik Potgieter, Hermanus Philippus Potgieter, verkoop.<sup>28</sup>

Om biografiese gegewens van Kaapse oosgrensboere en Voortrekkers na te speur, bring talryke male die bekende persoons- of genealogiese identifikasieprobleem na vore. Só kan 'n mens maar net die sterk vermoede uitspraak dat die "John Plessies" aan wie die plaas Narrow Poort in die Tarka op 31.3.1837 toegeken is,<sup>29</sup> die latere Voortrekkerleier was. Dit is egter nie net spekulasie nie, want die buurplaas van Narrow Poort was Beestekraal<sup>30</sup> waar vriend Jacobus (Koos Grootvoet) Potgieter gewoon het!<sup>31</sup> Aangetroude familieskakels was egter die belangrikste band wat die twee manne in mekaar se geselskap gehou het. 'n Hele paar familieverbande kan genoem word, maar laat ons volstaan deur te verduidelik hoe 'n derde belangrike Voortrekker, Pieter Georg Jordaan, die band nog verder gesmee het. Eintlik is dit eenvoudig: Jordaan se suster was met Jan du Plessis getroud en hyself (P.G. Jordaan) was met 'n suster van Jacobus Potgieter getroud.<sup>32</sup>

Jan du Plessis en Jacobus Potgieter het hulle reeds in die Tarka as leiers onderskei. Albei was etlike jare voor die Groot Trek provisionele veldkornette. Du Plessis het ongeveer begin

- 
25. Kyk die studies oor Meyer, Jan en Breggie Pretorius en Tregardt in J.C. Visagie, *Die Trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek* (Stellenbosch, 1989).
  26. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 711; Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Boedel MHG P 254 (1877), maar geraadpleeg by IGN van RGN. Kyk ook B. Cilliers, *Genealogie van die Afrikaner-families in Natal* (Pietermaritzburg, 1985), p. 160.
  27. VAB, Testament in Boedel, MHG P 254 (1877), 23/8/1823.
  28. KAB, Quitrent Register (QRR) 185, Somerset East 21/11/1831, p. 75.
  29. KAB, QRR 187 Somerset East, 31/3/1837, p. 484.
  30. Vgl. Suid-Afrika 1:250 000, Topo-kadastrale vel 3226, Fort Beaufort.
  31. Kyk onder J.C. Potgieter in teks. In verband met bynaam van Jacobus Christoffel Potgieter, kyk Johanna P. Smit, Herinnerings, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, IV, p. 125.
  32. Kyk bv. B. Cilliers, *Genealogie*, pp. 160–161, 458–459.

Oktober 1837 sy bedanking by siviele kommissaris W. Gilfillan ingedien. Toe Gilfillan dit op 17 Oktober aan die sekretariskantoor van die luitenant-goewerneur rapporteer, was Du Plessis glo al oor die grens. Gilfillan is dikwels oor die bewegings van emigrante verkeerd ingelig en dit wil voorkom of hy ook hier 'n fout begaan het en die vordering van die trekgeselskap oorskat het.<sup>33</sup> 'n Korrespondent van *The Graham's Town Journal* het bv. ook op 17 Oktober 1837 oor Du Plessis se bewegings berig. Hy het enkele dae tevore twee groepe in die omgewing van die Elandsrivier (net noord van die teenswoordige Tarkastad) aangetref. Die korrespondent het altesaam 50 waens getel en in sy brief bygevoeg:

"The Provisional field-cornet, Mr. John du Plessies, is the head of the party, and I feel happy in being able to state that it is their intention to present a very affectionate farewell address to their much respected and worthy magistrate, W. Gilfillan, esq., who has given general satisfaction ever since he has filled that situation."<sup>34</sup>

Ondanks die simpatieke houding van hierdie korrespondent jeens die Afrikanerboere, is dit baie duidelik dat hulle hom heuning om die mond gesmeer en meegedeel het wat hy van hulle graag sou wou verneem. 'n Verdere kluitjie in die riet was dat hulle hom laat verstaan het dat hulle slegs die noordoosgrens gaan oorsteek en hulle langs die Kraai- of Wit-Keirivier sou vestig.<sup>35</sup> Geheimhouding was die wagwoord!

Vermoedelik was Jacobus Potgieter uit die staanspoor saam met Du Plessis, maar hiervoor bestaan daar blykbaar nie dokumentêre bewys nie. Erasmus Smit het eers op 15 Februarie 1838 in sy dagboek aangeteken dat 'n sekere Du Plessis met 100 wanes by hulle laer sou uitspan. In 'n verdere inskrywing op 22 Maart 1838 is dit af te lei dat Du Plessis in 'n afsonderlike laer naby dié van hulle gestaan het, maar Jacobus Potgieter se naam word eers effens later genoem. Die moontlikheid bestaan natuurlik dat Du Plessis effens voor Jacobus Potgieter by die ander Voortrekkers in Natal aangesluit het soos 'n mens van Smit se dagboek kan aflei. Van April 1838 af is die twee manne se laers altyd bymekaar en was dit van die grootste laers. S6 bv het Smit op 2 April 1838 opgemerk dat Jan du Plessis se laers uit 80 waens en 100 man bestaan het. Op 30 April en weer op 30 Julie 1838 het Smit aangeteken dat die twee leiers se laers saam 140 waens sterk was. Albei was Voortrekkerkommandante en Smit het deurgaans met groot respek na hulle verwys.<sup>36</sup>

**ERASMUS, JOHANNES (HANS) JACOBUS** (*b3c1d4e3 gedoop 3/1/1790 X Hester Carolina Botha*).<sup>37</sup> Hoewel daar nie bewys kan word dat hierdie veldkornet van die Tarka<sup>38</sup> 'n trekleier was nie, word hy hier bloot ingesluit omdat hy 'n veldkornet was en hy en sy provisionele veldkornet, die bogenoemde Jan du Plessis, hulle bedanking gelyktydig of ongeveer dieselfde tyd ingedien het. Siviele kommissaris Gilfillan het die twee se bedanking in een sin gerapporteer en bygevoeg dat hulle die grens oorgesteek het.<sup>39</sup> 'n Verdere onsekerheid in verband met Erasmus is dat hy moontlik net tot buite die noordoosgrens getrek en hom daar gevestig het.

33. KAB, LG 207 Letters received from Civil Commissioner, Cradock, W. Gilfillan – H. Hudson, 17/10/1837, p. 192.

34. *The Graham's Town Journal*, 2/11/1837, no. 305 (Original Correspondence: The Tarka Emigrants, 17/10/1837).

35. *Ibid.*

36. Wat lg. betref, kyk Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, II, 28/5/1838, p. 208 en 16/9/1838, p. 239). Wat die ander gewens in die paragraaf betref, kyk in dieselfde werk onder die genoemde datums.

37. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 201; KAB, J 182 Opgaafrol, Somerset, Tarka, no. 234.

38. KAB, CO 2763, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate Somerset, List of Field Commandants . . . , 22/6/1836 (ingesluit by J.F. Ziervogel – J. Bell, 22/6/1836, no. 101).

39. KAB, LG 207, Letters received from Civil Commissioner Cradock, W. Gilfillan – H. Hudson, 17/10/1837. p. 192.

Hierdie moontlikheid word gneem omdat ek tot dusver geen spoor van hom in die binneland kon vind nie.

Die plaas Keijspoort, teenaan die noordoosgrens aan die Swart-Kei, is in 1831 in erfpag op Hans Erasmus se naam geregistreer.<sup>40</sup> Enkele weke voordat sy vertrek gerapporteer is, was sy plaas nog nie verkoop nie, want in *The Graham's Town Journal* van 21 September 1837 word "Kay's Poort" van veldkornet Erasmus op die voorblad te koop aangebied. Kort daarna het hy tog daarin geslaag om dit te verkoop. In Julie 1838 is dit oorgedra op die naam van H.F. Fynn.<sup>41</sup> Erasmus se bedanking as veldkornet en sy plaas wat te koop aangebied is, is alles aanduiding dat hy sy bande met die Kolonie permanent wou verbreek. Het hy egter Voortrekker geword?

'n Ouer broer van Hans Erasmus, Petrus Rasmus Erasmus, was weer veldkornet van die wyk Oos-Rietrivier (teenswoordig die distrik Bedford) waar Louis Tregardt tot Februarie 1834 as sy provisionele veldkornet opgetree het. Petrus (Piet) Erasmus was 'n getroue regeeringsman en het nie Voortrekker geword nie, maar 'n derde broer, Daniel Balthazar Erasmus, het wel Natal toe verhuis.<sup>42</sup>

**ERASMUS, STEPHANUS PETRUS** (*b3c11d4 gedoop 20/4/1788 oorlede Branddraai, Ohrigstad 28/1/1847 X ? September 1812 Martha Wilhelmina Zacharya Kruger b7c4d5 gedoop 16/3/1794 XX 4/5/1846 Anna Maria Neethling*).<sup>43</sup> Stephanus Erasmus was van vroeg af op die voorposte aan die noordoosgrens woonagtig. Soos ander pioniers van daardie geweste, het hy reeds so vroeg as 1829 oorkant die noordoosgrens van die Kolonie gewoon. In wat nou bekend is as die distrik Burgersdorp, d.w.s. oos van die Stormbergspruit, het hy vir hom 'n plaas uitgesoek wat hy waarskynlik self Mooiplaats genoem het. Nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie, het hy ewe sedig in Januarie 1830 'n aansoek om dié plaas aan die regering gerig indien(!) besluit sou word om daardie streek by die Kolonie in te lyf.<sup>44</sup> Die bronne leer ons dat Erasmus se ou stukkie taktiek tog vrugte afgewerp het. Aan die begin van November 1835 is die streek tussen die Stormbergspruit en die Kraairivier by die Kolonie aangeheg en is Erasmus terselfdertyd as veldkornet vir die nuwe wyk Kraairivier aangestel.<sup>45</sup>

Erasmus staan in die geskiedenis van die Groot Trek veral bekend vir die jagtog wat hy en sy seuns en enkele ander Afrikanerboere in 1836 na die Yaalrivier onderneem het en waartydens 'n groep Ndebele van Mzilikazi sy jagkamp op 21 Augustus 1836 geplunder en verskeie lede van die geselskap, insluitende twee van sy seuns, ontvoer en/of vermoor het.<sup>46</sup> Oppervlaklig beskou, wil dit voorkom of Erasmus na die aanval na die Kolonie terug is en toe baie haastig reëlings getref het om te vertrek en by die Voortrekkers aan te sluit; dat hy toe baie vinnig met sy trek die Voortrekkers agternagesit het en op 19 Desember reeds by Maritz se laer aangekom het.<sup>47</sup> 'n Ander vasstaande datum bring egter aan die lig dat só 'n blitsvinnige verhuising net nie moontlik kon gewees het nie. Die Erasmus-egpaar was nl. so laat as 29

40. KAB, QRR 185, Somerset Quitrents, 21/11/1831, p. 80.

41. *Ibid.*

42. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 202, en B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 181.

43. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 440; B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 182.

44. KAB, CO 8481, Memorials for land, E-F, S.P. Erasmus – L. Cole, 7/1/1830, ongepagineer.

45. KAB, CO 8481, Memorials for land, E-F, S.P. Erasmus sr – B. D'Urban, 2/11/1835, ongepagineer.

46. KAB, LG 141 Letters received from Colonel Henry Somerset, S.P. Erasmus – Colonel Somerset, 9/9/1836 en 9/9/1836, pp. 153-156 (ingesluit by Henry Somerset – Andries Stockenström, 24/9/1836, p. 149); P.J. van der Merwe, *Die Matebeles en die Voortrekkers, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986, II, p. 32.

47. Erasmus Smit, *Dagboek*, G.S. Preller (red.), *Voortrekkerense*, II, 19/12/1836, p. 75.

Oktober nog op hul plaas oorkant die Stormbergspruit toe hul kind gebore is.<sup>48</sup> Dit is veel eerder 'n geval dat Erasmus, en moontlik enkele van sy familie en vriende, te perd of per perdewa in Desember 1836 na die Voortrekkers teruggekeer het om die eerste strafkommando teen Mzilikazi mee te maak. Dié kommando het dan ook inderdaad op 2 Januarie 1837 teen Mzilikazi uitgetrek.<sup>49</sup> Erasmus Smit maak nie voor September 1837 van die "brave kommandant" Erasmus se laer melding nie.<sup>50</sup> Dit dui daarop dat Erasmus teen ongeveer begin Februarie 1837 van die kommando af huis toe is en eers daarná sy trekgeselskap vanuit die streke Brak- en Kraairivier georganiseer het. Hy het dus vermoedelik nie voor die middel van 1837 vertrek nie.

Smit se dagboek bevat voldoende getuigenis dat Stephanus Erasmus sy eie laer gehad het en 'n gewaardeerde leier en kommandant was.<sup>51</sup>

**ESPAG (ESBACH), JOACHIM CHRISTOFFEL** (*b2 gedoop 15/12/1782 X Rachel Catharina Meyer a3b1c6d2e2 gedoop 27/4/1783*).<sup>52</sup> Die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ken nie 'n Voortrekkerleier met dié naam nie. Sover bekend, word hy ook nêrens in gepubliseerde mondelinge oorlewering gemeld nie. Tog is dit gedokumenteer dat Espag 'n invloedryke boer en veldkornet van die wyk Visrivier in die distrik Albany was en dat hy 'n geselskap emigrante in die vroeë jare veertig van die negentiende eeu na die Transvaal gelei het.

Espag het die plaas Buffelsfontein aan die Visrivier besit.<sup>53</sup> Met die uitbreiding van die oosgrens van die Kolonie van die Bo-Vis na die Koonaprivier in 1825, is hy ook die plaas Maastricht in die nuwe wyk (Oos-Rietrivier) toegeken.<sup>54</sup>

In 1838 het Espag dit kennelik sterk oorweeg om sy swaers Lucas en Piet Meyer, wat reeds die vorige jaar na Natal verhuis het, te volg. Die invloed wat hy op sy medeburgers uitgeoefen het, spreek duidelik uit 'n brief wat 'n boer van die omgewing aan die siviele kommissaris, kaptein Campbell, gerig het. Onder meer word gerapporteer "that the Field Cornet Joachim Espag is making preparation to quit the district of Grahamstown, and that several other persons are also preparing to join Joachim Espag as soon as he goes." Verder word beklemtoon dat "whenever J. Espag quits the District, several inhabitants will follow him and if Jochem [*sic!*] Espag does not quit the colony the people will not do so."<sup>55</sup>

Espag het wel aanvanklik besluit om te bly, maar hom tog in 1842 noord van die Vaal op Ohrigstad gaan vestig waar hy 'n beduidende rol in die vroeë Transvaalse geskiedenis gespeel het.<sup>56</sup> Dit is nie moontlik om met sekerheid aan te dui hoeveel van die 24 gesinne op dieselfde 1842-lys met Espag saamgegaan het nie. Tog is dit betekenisvol dat J.C. Espag eerste op die lys genoem word en hy verreweg die grootste veebesitter onder die groepie was. Sy besittings

48. N.G. Kerkargief, Pietermaritzburg, Doopregister van eerwaarde Erasmus Smit 1837-1849, 4/3/1838, no. 33, p. 9. Die kerkargivaris in Pietermaritzburg het my in 1986 meegedeel dat die betrokke register nie 'n spesifieke verwysingsletter of -nommer het nie. 'n Fotografiese afdruk van hierdie doopregister is in die N.G. Kerkargief, Kaapstad, te vinde onder die verwysing "Voortrekkerregisters 1/1."

49. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekkerense*, II, 2/1/1837, p. 80.

50. *Ibid.*, 19/12/1836, p. 75 en 19/9/1837, p. 130.

51. *Ibid.*, en 18/4/1838, p. 195.

52. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 206, 574.

53. KAB, J 4, Opgaafrol, Albany, wyk Visrivier, 1825.

54. KAB, QRR 4, Somerset Quitrents, 1/11/1833, p. 164.

55. KAB, 1/AY 8/89, Ontvange stukke van diverse private persone en liggame, Piet van der Sandt – D. Campbell, 2/6/1838 (vertaalde afskrif, oorspronklike te vinde in LG 424, pp. 89-90), ongepagineer.

56. Vgl. H.S. Pretorius en D.W. Krüger (reds.), *Voortrekkerargiefstukke 1829-1849* (Pretoria, 1937), pp. 189, 239, 251, 255, 286 en 337.



word as 3 000 skape, 500 bokke, 50 osse, 150 koeie, 70 perde en twee waens aangedui. 'n Persoon op die lys wat enigins met Espag se formidabele veestapel vergelyk kan word, was ene Willem Botha wat maar 1 500 skape, 300 bokke, 15 osse, 50 koeie en 8 perde gehad het.<sup>57</sup>

**FOURIE, DAVID STEPHANUS** (*b14c2d1 gedoop 7/3/1784 X 5/12/1802 Isabella Elisabeth van Rensburg b5c4d6 gedoop 16/3/1788*).<sup>58</sup> Fourie was jare lank veldkornet in die uitgestrekte wyk Nuweveld in die distrik Beaufort en daar is gegewens wat daarop dui dat hy 'n leidende aandeel geneem het in die trek van 'n groot groep mense uit Beaufort(-Wes) na die Transoranje. Baie van dié mense, insluitende Fourie, het lank reeds seisoentrekke daarheen onderneem en waarskynlik al ontwikkelde veeposte langs die Modder- en Rietrivier gehad.

In Mei 1838 het Fourie die siviele kommissaris van Beaufort in kennis gestel dat hy drie of vier maande lank afwesig sou wees om familielede van hom in "Waterboer se gebied" te probeer oorreed om na die Kolonie terug te keer. Die siviele kommissaris, J.J. Meintjes, was daarvan oortuig dat Fourie hom 'n rat voor die oë wou draai en eintlik van plan was om daarheen te verhuis.<sup>59</sup> Dit wil voorkom of Meintjes die tekens reg gelees het. Teen September 1838 was Fourie en sy skoonseuns saam met 'n groot geselskap langs die Rietrivier gevestig en was daar geen aanduiding dat hulle na die Kolonie sou terugkeer nie. Fourie was kennelik die leier van hierdie groep mense.<sup>60</sup>

'n Ou, maar steeds baie moeilike vraagstuk kom met Fourie se verhuising ter sprake: hoe moet 'n mens tussen 'n "trekboer" en 'n "Voortrekker" onderskei veral as dit gaan oor persone op die noord- en noordoosgrens wat reeds vir baie jare vóór die Groot Trek met hulle vee periodiek oorkant die Oranje of Stormbergspruit vertoef het en hulle soos die "Voortrekkers" tussen die jare 1835 en ongeveer 1842 permanent in die gebied gevestig het waar hulle as trekboere vroeër tydelik gewoon het? In die meeste van die gevalle wil dit nie lyk of daar 'n klinkklare oplossing is nie. Die beste antwoord is blykbaar maar om die betrokke persoon of persone se lewe in fynere besonderhede na te vors en sodoende hul motiewe te ontrafel.

**JACOBS, PIETER DANIEL SR.** (*b1c3d8e1 gedoop 5/11/1780 X 28/10/1804 Maria van Wyk a2b7c2d1e2 gebore 15/1/1785*).<sup>61</sup> Die bekendste Voortrekkerleier uit die Nuweveld in die distrik Beaufort was die baie welgestelde en invloedryke Pieter Daniel Jacobs. Vroeër het hy in die distrik Tulbagh gewoon waar hy verskeie plase in lening gehou het. In 1818 het hy die opstalle van drie leningsplase, nl. De Goede Verwachting, De Modderfontein en Theefontein vir 22 000 gulde verkoop.<sup>62</sup>

Met die geleidelike onderverdeling van distrikte het Jacobs later onder die subdistrik Beaufort geressorteer. Uiteindelik is Beaufort van die distrik Graaff-Reinet afgestig en het Jacobs mettertyd tot die baie belangrike pos van veldkornet gevorder.

Jacobs se woonplaas, Slangfontein, was net soos dié van Jacob de Klerk noord van die dorp

- 
57. KAB, 1/AY 8/92, List of persons who have removed from my ward during the year 1842, H.J. Lombard, Field Cornet, 31/12/1842, ongepagineer.
  58. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 230, 775.
  59. KAB, CO 2778, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, D.S. Fourie – J.J. Meintjes, 23/5/1838 (ingesluit by J.J. Meintjes / Secretary to Government, 23/6/1838, p. 96), pp. 97-98.
  60. KAB, LG 195, Letters received from Civil Commissioner, Colesberg, J.G. Mocke – Rawstorne, 9/1/1839 (ingesluit by Rawstorne – Lieutenant Governor, 8/3/1839, pp. 63-66), p. 67.
  61. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 355, 1153; C.J.S. Strydom, "P.D. Jacobs", *S.A. Biografiese Woordeboek* (Johannesburg, 1972), II, p. 342.
  62. KAB, TTD 18, Transfer duties received (loan places), 18/7/1818, ongepagineer.

Beaufort in die Nuweveld geleë.<sup>63</sup> Erasmus Smit het reeds met Jacobs se verkenningsbesoek aan die Voortrekkerlaers in 1837 daarvan melding gemaak dat sy bynaam “Rijke Jacobs” was.<sup>64</sup> Dit was beslis nie ydele praatjies nie. Benewens ’n paar erwe in Beaufort en minstens 12 plase, het Jacobs ’n uitgebreide skaapboerdery gehad.<sup>65</sup> Hy was sekerlik een van die rykste Afrikanerboere in die Kaapkolonie.

Jacobs se bedanking as veldkommandant teen die einde van 1836 het vir goewerneur sir Benjamin D’Urban as ’n skok gekom. Dit is hier nie ter sake om oor die kwessie uit te wy nie, maar genoeg om te sê dat Jacobs groot aanstoot geneem het in die wyse waarop sy optrede tydens ’n veldtog gekritiseer is.<sup>66</sup> In Junie 1836 het hy ’n besoek aan die Voortrekkerlaers by die Vetrivier gebring.<sup>67</sup> “Ryk Jacobs” en sy deftige perdewa sou heelwat belangstelling onder die Trekkers gewek het. Net soos Jacob de Klerk in Desember 1836, wou Jacobs hom persoonlik van die ander Voortrekkerleiers se planne vergewis en dan besluit of hy ook sou emigreer. Teen Julie 1837 was hy terug op Slangefontein en sy besluit om by die Voortrekkers aan te sluit reeds geneem. Trouens, ’n korrespondent van *The Graham’s Town Journal* het berig dat “veldkommandant” (*sic!*) Jacobs en feitlik sy hele kommandantskap (“with almost his whole *commandschap*”) van plan was om die Kolonie te verlaat.<sup>68</sup>

Diegene wat bekend is met die lyste van emigrante wat deur die siviele kommissaris aan die Britse regering gestuur is, sal weet dat dit gewoonlik ’n onbegonne taak is om ’n naamlys van ’n trekgeselskap te probeer saamstel. In die lys van emigrante waarin die name van Jacobs en sy seun voorkom, word 19 gesinshoofde gerapporteer. Dit is moontlik dat hierdie groepie saam met Jacobs getrek het, maar ons kan aanvaar dat heelwat meer langs die trekpad by hulle aangesluit het. Die siviele kommissaris, J.J. Meintjes, wat hierdie lys op 26 Mei 1838 deurgestuur het, het terselfdertyd berig dat ’n verdere 18 gesinne op vertrek gestaan het. Aangesien die name van ’n hele paar familieledede van Jacobs in hierdie tweede lys verskyn, kon ook hierdie groepie deel van sy geselskap gewees het of later by hulle aangesluit het.<sup>69</sup>

Seker die grootste veiling van roerende en vaste eiendom wat deur een eienaar in die distrik Beaufort tot op daardie datum gehou is, is in *The Graham’s Town Journal* van 3 Augustus 1837 en in verskeie daaropvolgende uitgawes geadverteer. Volgens die advertensie sou die vendusie vier dae lank duur, nl. van 17 tot 20 Oktober 1837. Benewens Jacobs se 12 plase, sou onder meer die volgende onder die hamer kom: 10 000 aanteelskape, waaronder 1 000 basterooie en 1 000 rasegte blinkhaarskape, 100 perde, ’n groot hoeveelheid meubels en plaasimplimente.

Dit is nie bekend of Jacobs al sy plase verkoop gekry het nie, maar op die eerste dag van die veiling is wel minstens vyf verkoop. Die plase het nie goeie pryse behaal nie en ’n mens kry die

63. Suid-Afrika 1:250 000 Topo-Kadastrale vel 3122, Victoria-Wes. Slangefontein is vandag naby die noordelike grens van die distrik Beaufort-Wes geleë, nie ver van die dorpie Loxton nie.

64. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, II, 20/6/1837, p. 110.

65. *The Graham’s Town Journal*, 3/8/1837 (12 Farms for sale). Wat die dorpsere betref, kyk bv. KAB, TTD 21, Transfer duties received, 2/4/1825 (erfgekoop van D.W. du Plooy), 11/4/1827 (erfgekoop van Bantjes en Swanepoel), 18/8/1827 (erfgekoop van D.D. Erasmus).

66. KAB, CO 3993, Memorials received, P.D. Jacobs – B. D’Urban, ongedateer, maar ontvang op 5/1/1837, no. 126. Kyk verder hieroor KAB, CO 2772, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Graaff-Reinet, J.J. Meintjes – Chief Secretary to Government, 26/1/1837, no. 6; KAB, CO 4908, Letterbook, Civil, John Bell – J.J. Meintjes, 8/2/1837, p. 400.

67. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, II, 20/6/1837, p. 110.

68. *The Graham’s Town Journal*, 14/9/1837, no. 289 (The Emigrant Farmers, 2/8/1837). Kursivering in aanhaling soos in oorspronklike.

69. KAB, CO 2778, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Beaufort, J.J. Meintjes – Secretary to Government, 26/5/1838, pp. 75-78 (twee naamlyste hierby ingesluit, albei ongedateer).

indruk dat die aanbiedinge maar teen wil en dank aanvaar is. Die bekende handelaar en spekulant Francis Collison het almal gekoop, nl. Slangfontein vir 270 Britse pond (10 800 gulde), Drooge Onrust vir £112 en 10 sjielings, Gert Adriaan's Kraal vir £75, Bultfontein vir £52 en 10 sjielings en 'n aangrensende stuk grond vir £100.<sup>70</sup>

'n Man met 'n uitgebreide boerdery soos dié van Pieter Jacobs sou beslis nie binne 'n maand of twee alles vir 'n trek gereed kon kry nie. Jacobs het dan blykbaar ook nie voor April of begin Mei 1838 uit die distrik Beaufort vertrek nie.<sup>71</sup>

**KOCK, JOHANNES (JAN) HENDRICUS** (Genealogiese identifisering sal moet wag tot 'n familieregister opgestel is. *Gedoopt Graaff-Reinet 28/10/1813 oorlede Klerksdorp 15/10/1889*<sup>72</sup> X Graaff-Reinet 17/3/1834 Elsje Magdalena Smith a1b2c3d2e7f4 gebore 30/7/1816 gedoopt Graaff-Reinet 8/10/1816).<sup>73</sup> Ek kon tot dusver geen aanduiding in die dokumente vind dat dié later bekende Voortrekkerkommandant in die Transoranje 'n trekgeselskap uit die Kolonie aangevoer het nie. Dit wil voorkom of daar van ongeveer 1840 af baie min groot georganiseerde trekgeselskappe die Kolonie verlaat het. Die beskerming wat getalle meebring, was toe nie meer so belangrik nie. Kock en sy gesin was dus moontlik een van honderde ander enkelgesinne of familiegroepe wat die Kolonie in die jare veertig vaarwel gesê het.

Jan Kock het die plase Luipaardsvlei (sy woonplaas), Kraanvogelvlei en Klein-Tafelberg in die distrik Graaff-Reinet besit. In totaal was hierdie skaapplase ongeveer 30 000 *acre* groot. Verder het hy ook 'n graanplaas op die pad tussen Graaff-Reinet en Colesberg besit.<sup>74</sup> Hierdie plase het Kock in Februarie 1840 te koop aangebied.<sup>75</sup> So laat as einde November 1841 het die egpaar Kock nog 'n kind op Graaff-Reinet laat doop. Daaropvolgende kinders is op 6 Augustus 1843 op Pietermaritzburg en in Desember 1845 op Winburg gedoopt.<sup>76</sup> Die Kocks het dus omstreeks 1842 die Kaapkolonie verlaat en hulle eindelik naby Bloemfontein gevestig.<sup>77</sup>

**LOMBARD, HERMANUS STEPHANUS** (*b3c3d6e6 gebore tussen 1798 en 1804 X 11/3/1821 Catharina Levina (of Josina?) van Aardt a1b2c7d1e6 gedoopt 19/2/1804*).<sup>78</sup> Stephanus Lombard is een van die onbekende voormanne uit 'n streek wat besonder baie Voortrekkerleiers opgelewer het, naamlik die wyk Oos-Rietrivier (teenswoordig Bedford) in die distrik Somerset(-Oos).

Soos die meeste leiers van geselskappe was ook Lombard reeds 'n gemeenskapleier in die Kolonie vóór die Groot Trek. Hy was naamlik 'n provisionele veldkornet van die Oos-Rietrivier.<sup>79</sup> Een van sy plase was vermoedelik Smoordrift wat aan die Groot-Visrivier geleë was, maar hý het op 'n plaas naby die Kagaberg gewoon.<sup>80</sup>

70. KAB, TTD 24, Transfer duties received, 28/2/1838; KAB, TTD 26, Transfer duties received, 22/10/1842.

71. KAB, CO 2778, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Beaufort, J.J. Meintjes – Secretary to Government, 26/5/1838, pp. 75-78 en 23/6/1838, p. 103.

72. C.J.S. Strydom, "J.H.L. Kock", *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (Kaapstad, 1977), III, p. 486.

73. B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 271.

74. *The Graham's Town Journal*, 27/2/1840, no. 427 (advertensie gedateer Graaff-Reinet, 17/2/1840).

75. *Ibid.*

76. B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 271.

77. Wat sy eiendomme naby Bloemfontein betref, kyk C.J.S. Strydom, "J.H.L. Kock", *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III, p. 486.

78. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 1, 484; B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 312.

79. KAB, CO 2763, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrates, Albany and Somerset, List of Field Commandants . . ., 22/6/1836 (ingesluit by J.F. Ziervogel – J. Bell, 22/6/1836, no. 101).

80. *Ibid.*; KAB, QRR 186, Somerset Quitrents, 31/12/1836, p. 272.

Lombard het eers in 1838 Natalwaarts gekeer, maar was waarskynlik reeds lank voor dié tyd onder groot druk om sy aangetroude familie se spore na die noorde te volg. Twee leiersfigure onder hierdie familie was sy swaer Hans Dons de Lange en ook Joachim Prinsloo.<sup>81</sup>

Die feit dat 'n korrespondent van *The Graham's Town Journal* in 1838 'n trekgeselskap by Buffelsvlei (Aliwal-Noord) teëgekom en Stephanus Lombard uitgesonder en by die naam genoem het, dui sterk daarop dat hy waarskynlik uit die staanspoor die leier van 'n trek was. Volgens dieselfde korrespondent het Lombard se geselskap op 11 Junie 1838 die Oranje by Buffelsvlei met 'n geweldige klomp skape en beeste oorgesteek.<sup>82</sup> Lombard se leierseenskappe het in Natal verder na vore gekom. Hy het spoedig as Volksraadslid en as kommandant van die Voortrekkergemeenskap gedien.<sup>83</sup>

**MALAN, HERCULES PHILIP** (b6c5d9 gedoop 28/10/1792 oorlede (vermoor saam met Retief) 6/2/1838 X Anna Maria Breed (t). Sy hertrou 23/12/1838 Johannes Stephanus Potgieter, gebore circa 1816).<sup>84</sup> Malan is nog 'n onbekende Voortrekkerleier wat meer aandag verdien as wat hy tot dusver in ons geskiedskrywing geniet het. Hy en sy broer, Jacobus Malan (1787-11/4/1838), was van die vroegste blanke inwoners in die sogenaamde Neutrale Gebied wat in 1825 tot by die Koonap en in 1829 tot by die Katrivier vir blanke boere oopgestel is. Jacobus Malan het vir hom die bekende plaas Malanskraal, digby die teenswoordige dorp Bedford uitgesoek,<sup>85</sup> terwyl aan Hercules Malan enkele jare later (toe die streek tussen die Koonap- en Katrivier by die Kolonie ingelyf is) die plaas Nieuweling in die huidige distrik Adelaide toegeken is.<sup>86</sup> Destyds het Nieuweling onder die wyk Koonap in die distrik Albany geressorteer. In die aangrensende wyk Winterberg het Hercules Malan mettertyd die plase Spioenkop en Kaalplaats in besit gekry.<sup>87</sup> Aangesien hy in November 1835 as 'n veldkornet vir die Winterberg aangestel is,<sup>88</sup> moet 'n mens aanvaar dat een van laasgenoemde plase later sy woonplaas was.

Hercules Malan was een van die groepie wat Retief na Dingane vergesel het en saam met hom vermoor is. Gevolglik kan mens maklik die gevolgtrekking maak dat hy saam met Retief die Kolonie verlaat het. Dit was egter nie die geval nie. Hy het 'n hele paar maande vóór Retief die Kolonie vaarwel gesê en die einste Retief het hom nog probeer ompraat om nie te trek nie. In Julie 1836 het Malan en verskeie ander Afrikanerboere van die omgewing Grahamstad besoek om hulle plase te verkoop. Gerugte wou dit toe reeds hê dat 15 gesinne in die Winterberg gereed gemaak het om na die noordooste te verhuis. Die vrederegter op Fort Beaufort, kaptein A.B. Armstrong, het ook aan die siviele kommissaris in Grahamstad laat weet dat dit beweer word dat meer as 70 gesinne in die Winterberg en aangrensende wyke (d.w.s. die Koonap en Oos-Rietrivier) na Port Natal gaan verhuis en dat hulle op 15 Augustus 1836 sou

- 
81. Lombard verskyn nie in De Villiers se register van die Lombards nie, maar soos hierbo genoem, pas dit in by b3c3d6e6. Sy suster, Catharina Cornelia, vrou van Hans de Lange, is net vóór hom gebore. Vgl. *Geslagsregisters*, p. 484, en Natalse N.G. Kerkargief, Doopregister van E. Smit, 3/9/1840, p. 35.
  82. *The Graham's Town Journal*, 19/7/1838, no. 340 (Postscript).
  83. Vgl. J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad, 1838-1845, S.A. Argiefstukke, Natal No. 1*, pp. 86, 188, noot 27.
  84. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 524; B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 466.
  85. KAB, QRR 185, Somerset Quitrents, 1/8/1836, p. 130.
  86. KAB, QRR 185, Somerset Quitrents, 1/8/1836, p. 154.
  87. KAB, LG 7, Papers and plans in connection with land grants in the ceded territory, verklaring van H.P. Malan, Koonap, 31/3/1834, p. 136.
  88. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 27/11/1835, no. 1562 (Government Notice, 17/11/1835).

vertrek. Kaptein Armstrong het laasgenoemde vertrekdatum direk met Hercules Malan se voorbereidings en trekplanne in verband gebring.<sup>89</sup>

'n Twaalfjarige pleegkind van Hercules Malan, F.P. van Gass, het die trek meegemaak en later as bejaarde in sy herinneringe opgeteken dat hulle geselskap, "waarvan die oude heer H.P. Malan als't hoofd werd beschouwd," uit ongeveer 30 waens bestaan het.<sup>90</sup>

Op dieselfde lys van emigrante waarin 'n veldkornet van die Winterberg die name van die Malans en Retiefs gerapporteer het, word eweneens 'n stuk of agt gesinne Janse(n) van Rensburgs aangetref.<sup>91</sup> Vermoedelik het die datum van aankoms van die Van Rensburgs by die Voortrekkerlaers aan die Blesberg met dié van die Malan-trek saamgeval. Erasmus Smit maak op 20 Desember 1836 van hulle aankoms melding. Op 3 Januarie 1837 het Smit die aankoms van nog 'n gesin Jansen van Rensburg aangeteken. In laasgenoemde trek was daar 14 waens en kan die betrokke mense as Winterbergers geïdentifiseer word.<sup>92</sup> Indien hierdie gesinne nie deel van die Malan-trek was nie, sou die datum van hulle aankoms by die laers ook min of meer die tyd gewees het toe Hercules Malan daar aangesluit het.

**MARITZ, JOHANNES STEPHANUS** (*b1c8d1 gedoop 19/11/1795 oorlede Vrisgewaagd (ook gespel Frischgewaagd), Weenen, 4/11/1857 X Magdalena Salomina du Preez b1c10d1e3f2 gedoop 21/3/1797 XX Susanna Catharina Bester XXX Pietermaritzburg 10/3/1856 Cecilia Johanna Jacoba Nel b1c3d1e4f3 oorlede Frischgewaagd, Weenen, 18/7/1864*).<sup>93</sup> Omdat Stephanus Maritz dikwels in die skadu van sy bekende broer, Gert Maritz, moes loop, ken ons hom nie eintlik as 'n Voortrekkerleier nie. Nietemin was hy 'n leier in eie reg.

'n Mens moet toegee dat daar twyfel kan bestaan oor wie die eintlike leier was wat die betrokke geselskap uit die wyk Onder-Boesmansrivier in die distrik Uitenhage teen die einde van 1836 aangevoer het – Stephanus Maritz, of Johannes Abraham Landman. Te oordeel aan die lys van emigrante in *The Graham's Town Journal* van 2 Februarie 1837 wat veldkornet C.V. Buchner ingestuur het, kon dit Johannes Abraham Landman gewees het. Landman staan immers bo-aan die lys en teenoor sy naam word die uitsondering gemaak deur die pertinente opmerking dat hy 'n diaken was.<sup>94</sup> Hy was 'n eerbiedwaardige persoon, maar sover ons bekend, was hy nòg gedurende die trekfase, nòg tydens die laertydperk in Natal leier van 'n laer of 'n trekgeselskap. Sy broer, Karel Pieter Landman, wat enige maande later getrek het, was natuurlik só 'n leier gewees.

Stephanus Maritz het in die Onder-Boesmansrivierwyk op die plaas Klipfontein geboer.<sup>95</sup> Sy broer, Gert Maritz, wat heelwat verder noord op Graaff-Reinet gewoon het, het 'n paar maande voor hom uit die Kolonie vertrek. By die Blesberg was Gert Maritz dikwels op die uit-

---

89. KAB, 1/AY 8/87, Ontvange stukke van diverse private persone en liggame, A.B. Armstrong – D.C. Campbell, 21/7/1836, asook bylaag, P. Retief – A.B. Armstrong, 16/7/1836, ongepagineer.

90. F.P. van Gass, Herinneringe, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense* 1, 2e druk (Kaapstad, 1920), p. 10. Van Gass, of die kopieerder van sy manuskrip, het sy datum van geboorte as 3/10/1822 neergeskryf, terwyl dit eintlik 3/10/1824 behoort te wees. Vgl. N.G. Kerkargief, Kaapstad, G6 1/6 Doopregister, Graaff-Reinet, 30/1/1825.

91. KAB, 1/AY 8/88, Ontvange stukke, "Lijs van ingeseetende . . .", ongedateer (ingesluit by D.P. de Lange – D. Campbell, 14/3/1837).

92. Vgl. die betrokke gesin se name (Hendrik Jansen van Rensburg en gesin) in die hierbo aangehaalde dagboek (p. 80) van Smit met die lyste wat in noot 91 genoem word.

93. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 728; B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 333; Afskrifte van betrokke sterftekenisse by IGN van die RGN geraadpleeg.

94. *The Graham's Town Journal*, 2/2/1837, no. 267 (List of Emigrants from Oliphant's Hoek and neighbourhood, 25/1/1837).

95. KAB, LG 277, Letters received from Civil Commissioner, Uitenhage, Naam lijst van persoonen . . ., ongedateer (ingesluit by C.V. Buchner – J.W. van der Riet, 3/3/1837, p. 180), p. 178.

kyk vir Stephanus se trek en dit is opsigtelik dat hulle van mekaar se reisplanne bewus was.<sup>96</sup>

Net soos al die ander lyste van emigrante het ons nie sekerheid of die genoemde lys van Buchner heeltemal korrek is nie. Nietemin moet beklemtoon word dat die sowat 269 persone op hierdie lys nie tot net een geselskap behoort het nie. Sommige gesinne het beslis later vertrek as diegene wat tot Stephanus Maritz se geselskap behoort het.<sup>97</sup> Dit is redelik seker dat hierdie geselskap in die tweede helfte van November 1836 uit die Onder-Boesmansrivier vertrek het en dit staan vas dat hulle ongeveer op 23 Desember 1836 by die Penhoekpas in die Stormberg uitgespan het.<sup>98</sup> Op 10 Januarie 1837 het Stephanus Maritz en die res van die geselskap die ander Voortrekkerlaers aan die Blesberg bereik.

Op meer as een geleentheid het Erasmus Smit uitdruklik in sy dagboek aangeteken dat Stephanus Maritz sy eie onafhanklike laer gehad het. Dit noem hy bv. op 27 Julie en weer op 30 Julie 1838. By laasgenoemde inskrywing meld hy dat Jan du Plessis en Jacobus Potgieter se dubbele laer uit 140 waens, hulle eie uit 50 waens en die van Stephanus Maritz uit 100 waens bestaan. Gert Maritz se laer het in die tyd verder weg gestaan.<sup>100</sup>

**MEYER, LUCAS JOHANNES** (*b1c6d2e6 gedoop 26/2/1792 oorlede Boschhoek, Newcastle, 18/5/1864 X Sara Johanna de Lange b10c1 gedoop 17/9/1797 XX Ladysmith 30/4/1859 Catharina Elisabeth Geertruida Fourie*).<sup>101</sup> Hierdie tak van die familie Meyer het oor 'n paar geslagte heen 'n rebelse tradisie opgebou wat hul Afrikanerskap en patriotse gesindheid onbetwisbaar gestel het. Nogtans weet bloedweinig mense vandag wie bogenoemde was. Sy kleinseun, genl. Lucas Meyer, is egter steeds redelik bekend en het daarmee die rebelse streep in hul familie van die Kompanjiestydpark tot met die Tweede Anglo-Boereoorlog deurgetrek.<sup>102</sup>

Lucas Johannes se vader, Lucas senior, was 'n grensboerpionier en veldkornet in die Suurveld wat sy belange en dié van sy medeburgers dikwels kragtig verdedig en vreesloos aan die regeringsamptenare voorgedra het. Lucas senior was een van die voormanne in die Graaff-Reinetse opstand en ook in die sogenaamde Van Jaarsveldrebellie wat uiteindelik op sy vonnis van lewenslange verbanning uitgeloop het. Die verbanning is egter uitgestel en met die aanvang van die Bataafse Bewind is hy en die ander rebelle vrygelaat.<sup>103</sup>

Lucas senior het drie seuns gehad wat nogal diep spore in die Kaapse Oosgrensgeskiedenis getrap het. Die oudste seun, Cornelis Meyer (1789-1834), was waarskynlik die een met die meeste leierseienskappe en het op 'n betreklik jeugdige leeftyd reeds die belangrike pos van veldkommandant van Albany beklee. Hy is egter skielik in 1834 oorlede.<sup>104</sup> Die ander twee seuns, Lucas Johannes en Willem Petrus, het albei Voortrekkers geword.

Lucas Johannes en sy broers het 'n reeks hegte vriendskap- en familieskakels met latere

96. Vgl. bv. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, II, pp. 67, 75, 77-78.

97. As voorbeeld op die lys kan G.J. Rudolph genoem word wat beslis later getrek het. Kyk onder Rudolph en lys genoem in noot 95 hierbo.

98. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, II, 21/12/1836, p. 75, en 29/12/1836, pp. 77-78.

99. *Ibid.*, 10/1/1837, p. 81.

100. *Ibid.*, 27/7/1838 en 30/7/1838, pp. 220-221.

101. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 460, 574, 594; B. Cilliers, *Genealogieë*, pp. 364-365; Natalse Argiefbewaarplek (NAB), MSCE 3/18 (1864), no. M43. Laasgenoemde sterftekenis (afskrif) by IGN van die RGN geraadpleeg.

102. Hierdie baie kort oorsig van Meyer berus op 'n manuskrip wat ek toe wel later, in 1989, privaat gepubliseer het, nl. *Die Trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek*. Kyk ook die artikel oor genl. Lucas Meyer in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III, p. 623.

103. Kyk bv. G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony*, III (Sentence, 3/9/1800), pp. 270-296.

104. KAB, MOOC 6/9/1, Death notices, 2/6/1834, no. 195 (Meyer is op 13/5/1834 oorlede).

bekende Voortrekkers gehad. Laat ons volstaan met enkele voorbeelde: Cornelis en Willem Petrus (Piet) Meyer was albei swaers van Piet Retief. Lucas Johannes weer, was getroud met 'n suster van Hans Dons de Lange. Aanvanklik het Lucas Johannes in die wyk Visrivier in die distrik Albany gewoon waar hy eiendomme aan die Groot-Visrivier besit het. In die jare twintig was hy in hierdie wyk ook 'n provisionele veldkornet. Vanaf 1825 het hy in die wyk Oos-Rietrivier (teenswoordig die distrik Bedford) op die plaas Collieskraal geboer.<sup>105</sup> Op die vooraand van sy vertrek na die noordooste het hy minstens drie plase besit wat hy in Mei 1837 te koop aangebied het.<sup>106</sup>

Lucas Johannes Meyer het in September of begin Oktober 1837 uit die Oos-Rietrivier vertrek en ongeveer Februarie 1838 by die Voortrekkers in Natal aangesluit.<sup>107</sup> Volgens die herinneringe van sy skoonsuster, S.C.J. Bezuidenhout, was Lucas Johannes die leier van 'n trekgeselskap wat aanvanklik net uit enkele gesinne bestaan het, maar in Natal het hulle reeds 'n laer van 50 waens gehad.<sup>108</sup> Sy aansien as leier is binne enkele weke na sy aankoms in Natal bewys toe hy as kommandant aangestel is.<sup>109</sup>

**NEL, LOUIS JACOBUS** (*b1c3d1e4 gedoop 15/2/1778 X 25/4/1802, Johanna Margaretha Botha b1c7d2e8 gedoop 7/10/1787 oorlede 26/9/1879*).<sup>110</sup> Louis Jacobus Nel se vader was altyd op die voorpunt van die blanke uitbreiding na die ooste. Vroeg in die negentiende eeu het Louis Jacobus reeds die plaas Rhenosterfontein aan die bloop van die Boesmansrivier in lening gehou. Aanvanklik was hierdie wyk in die distrik Uitenhage net as Boesmansrivier bekend. Nel was in die jare 1809 tot ongeveer 1816 'n veldkornet van hierdie wyk. In 1830 het sy seun, Philip Rudolph, die plaas Commandofontein in die wyk Oos-Rietrivier gekoop en het ook Louis Jacobs met sy gesin daarheen verskuif. As 'n toekomstige Voortrekkerleier was Nel hier in goeie geselskap, aangesien ander leiers soos Louis Tregardt, Hans Dons de Lange, Hercules Malan, Lucas Johannes Meyer, H.S. Lombard, J.C. Espag en P.A. Opperman of in sy onmiddellike nabyheid, of in aangrensende wyke gewoon het.

Nel se trekgeselskap het bestaan uit ongeveer 110 mense wat met 26 waens einde November 1837 uit die Oos-Rietrivier vertrek het. Daar bestaan nie twyfel nie dat hy en Johannes Marthinus Scheepers van die Onder-Boesmansrivier die leiers van hierdie geselskap was. Dis egter ook só dat Nel se seun, Philip Rudolph, die leierskap in Natal van sy vader oorneem het.<sup>111</sup>

**OPPERMAN, PHILIPPUS ALBERTUS SR.** (*b1c9 gedoop 14/9/1777 X 16/12/1798, Johanna Petronella Erasmus b3c1d2e1 gedoop 8/12/1782*).<sup>112</sup> Philip Opperman was 'n inwoner van die

105. Onder andere KAB, CO 8460, Letters re land matters: L.J. Meyer – R. Bourke, 17/3/1827, no. 52.

106. *The Graham's Town Journal*, 4/5/1837 en 11/5/1837 (Advertisements).

107. KAB, LG 266, Letters received from Civil Commissioner, Somerset, Copy of the journal kept by the special justice . . ., 12/9/1837 (ingesluit by J.F. Ziervogel – Lieutenant Governor, 11/10/1837, p. 101), pp. 102–104; S.C.J. Bezuidenhout, Herinneringe, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense* (Kaapstad, 1922), III, p. 166); Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, II, 21/2/1838, p. 177.

108. S.C.J. Bezuidenhout, Herinneringe, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, III, p. 166.

109. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller, *Voortrekker-mense*, II, 4/4/1838, p. 190.

110. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 81, 625; B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 396; Tensy anders vermeld, is die besonderhede oor Nel se lewe verkry van J.C. Visagie, "Louis Jacobus Nel: 'n Voortrekkerleier uit die tweede linie", *Kronos*, vol. 3, 1980. Hierdie studie is ook nou opgeneem in my werk, *Die Trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek*.

111. Vir verdere besonderhede oor Nel en Scheepers, kyk J.C. Visagie, "Louis Jacobus Nel: 'n Voortrekkerleier uit die tweede linie", *Kronos*, vol. 3, 1980.

112. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 201 en 677; KAB, J 182, Opgaafrol, Somerset, Baviaansrivier 1825, no. 16.

wyk Baviaansrivier in die distrik Somerset waar hy in die omgewing van Daggaboersnek op sy plaas De Plaat geboer het.<sup>113</sup> Net soos ander inwoners van hierdie suidoostelike hoek van die distrik Somerset, het Opperman ernstige griewe in verband met die onbestendigheid van sy grondbesit gehad. Sy ontevredenheid het hy dan ook nie onbetuig gelaat nie.<sup>114</sup>

Volgens 'n korrespondent van *The Graham's Town Journal* het daar in die laaste drie maande van 1837 nie minder nie as 166 waens van Afrikanerboere wat die land verlaat het, oor Roetshoek beweeg. In hierdie berig word glad nie verduidelik waar Roetshoek geleë is nie, maar dit moet sekerlik die pas oor die Bamboesberg, noord van die teenswoordige Tarkastad, wees wat nou al baie jare nie meer gebruik word nie. Onder hierdie groot klomp waens was daar volgens dieselfde korrespondent die trekgeselskap van Philip Opperman wat uit 17 waens bestaan het.

**POTGIETER, JACOBUS CHRISTOFFEL** (*b6c8d6e4 gedoop 22/3/1801 X Graaff-Reinet 1/12/1817 Geertruida Maria Steenkamp b7c2d9 gedoop 25/11/1801*).<sup>115</sup> Soos reeds elders genoem, het Jacobus Potgieter op die vooraand van die Groot Trek op Beestekraal in die Tarka gewoon.<sup>116</sup> Jacobus Potgieter en Jan du Plessis se plase was nie te ver van A.H. Potgieter se Kommando-drift nie en daar is min twyfel dat die drie manne mekaar goed geken het. Die twee Potgieters was immers bloedneefs.

Jacobus Potgieter was provisionele veldkornet van ongeveer Januarie 1831 tot begin September 1834 toe hy deur goewerneur D'Urban ontslaan is tot tyd en wyl 'n verdere ondersoek na die doodskiet van 'n klompie swart immigrante ingestel kon word.<sup>117</sup> Blykbaar is hy egter nie weer in sy pos heraangestel nie.<sup>118</sup>

Ons beskik oor min stukke wat direkte lig op Potgieter se vertrek uit die Kolonie werp. Uit enkele stukke wil dit voorkom of Du Plessis en Potgieter se geselskappe wat later in Natal so bymekaar gebly het dat hulle selfs as die "Dubbele Laer" bekend gestaan het, nié saam uit die Kolonie weg is nie. Te oordeel aan die feit dat Erasmus Smit aanvanklik slegs Du Plessis se aankoms by hulle noem, kan moontlik die afleiding gemaak word dat Jacobus Potgieter 'n week of twee daarná by hulle laers aangesluit het, maar dit sal voorlopig blote spekulasie moet bly.<sup>119</sup>

Daar is slegs een bron wat hom oor Jacobus Potgieter se vertrekdatum uitlaat. Interessant genoeg kom die stukkie getuienis uit 'n geskilpunt wat die Thembukaptein Maphasa weer opgehaal het en waarin hy letterlik en figuurlik 'n hele paar ou koeie, insluitende Jacobus Potgieter, uit die sloot gehaal het! In sy verduideliking van die saak noem die Thembu-regeringsagent dat een van die beskuldigings teen Jacobus Potgieter gemaak is, maar dat hy

113. KAB, LG 265, Letters received from Civil Commissioner, Somerset, List of persons preparing to remove . . . , 20/6/1837 (ingesluit by J.F. Ziervogel – Acting Secretary, 20/6/1837, p. 124), p. 127.

114. KAB, CO 8459, Letters re land matters, verskeie inwoners – R. Bourke, 12/8/1826, no. 16.

115. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 721, 923. Dr. J.A. Heese het aan my die troudatum verskaf.

116. KAB, CO 4365, Arrear correspondence, miscellaneous, Verklaring (afskrif) van J.C. Potgieter voor James O'Reilly, 4/7/1834, ongepagineer.

117. KAB. 1/AY 8/81, Ontvange stukke, J.H. Steenkamp – D. Campbell, 22/12/1830 en J.H. Steenkamp – B. D'Urban, 22/12/1830, ongepagineer; KAB, 1/AY 8/82, Ontvange stukke, J.C. Potgieter – D., Campbell, 1[?]/6/1831, ongepagineer; KAB CO 4365, Arrear correspondence, miscellaneous, K.B. Hamilton – Civil Commissioner, Albany and Somerset, 5/9/1834 (Afskrif), ongepagineer.

118. Vgl bv. die dik pak korrespondensie oor die aangeleentheid in KAB, CO 4365, soos reeds hierbo na verwys.

119. Erasmus Smit, *Dagboek*, G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, II, 15/2/1838, p. 174 en 22/3/1838, p. 186 en 2/4/1838, p. 189.



reeds teen die einde van Julie 1837 geëmigreer het.<sup>120</sup> Indien die datum korrek is, het Jacobus Potgieter voor Du Plessis vertrek en heel waarskynlik net oorkant die grens die Du Plessis-geselskap ingewag. Soos dit met hierdie soort spekulasie gaan: die moontlikhede is legio!

**RUDOLPH, GERHARDUS JACOBUS** (*b1c2 gedoop 12/1/1797 X Johanna Susanna Sophia Meyer a3b1c6d5e8 gedoop 10/3/1804 oorlede Ohrigstad, 1848*).<sup>121</sup> Die lys van emigrante wat veldkornet C.V. Buchner in Januarie 1837 aan *The Graham's Town Journal* gestuur het, skep die indruk dat die ongeveer 40 gesinne almal onder die leierskap van Johannes Abraham Landman uit die Olifantshoek (wyk Onder-Boesmansrivier, Uitenhage) vertrek het.<sup>122</sup> Soos reeds hierbo gemeld, is dit moeilik om so 'n stelling te bewys, aangesien Johannes Stephanus Maritz in hierdie geselskap van die begin af noord van die Oranje sy eie laer gehad het, maar Landman blykbaar nie. Buchner se gemelde lys is verder op die oog af misleidend in dié opsig dat dit die name van Gerhardus (Gert) Jacobus Rudolph en dié van sy broer Andries bevat, terwyl ons onbetwisbaar weet dat hierdie persone in 'n aparte geselskap effens later vertrek het. 'n Tweede lys van Buchner, in sy eie handskrif, wat hy in Maart 1837 aan die siviele kommissaris van Uitenhage gestuur het, bring egter groter duidelikheid. In hierdie lys vermeld hy pertinent dat dié persone sy wyk gedurende die jaar 1836 tot en met 1 Maart 1837 verlaat het.<sup>123</sup> Die lys name kan dus nie as die van een groot geselskap beskou word nie.

Gert Rudolph se plaas in die wyk Onder-Boesmansrivier was Jammersfontein by Boknesmond.<sup>124</sup> Met sy vertrek uit die Kolonie aan die begin van 1837, teken Buchner egter aan dat Rudolph op daardie tydstip op Tijgerfontein gewoon het.<sup>125</sup>

Die broers Rudolph moes ongeveer Maart 1837 hulle woonplekke in Olifantshoek verlaat het, want op 14 April 1837 was hulle by die Penhoekpas, net noord van die teenswoordige Queenstown. Die geselskap het oor 20 waens beskik. Gert Rudolph het sy eie huishouding met vyf waens vervoer, terwyl Andries Rudolph drie waens gehad het. Op 27 April 1837 het hulle die Oranjerivier by Buffelsvlei oorgesteek en op 7 Mei het die geselskap die Voortrekkerlaers aan 'n spruit van die Vetrivier bereik.<sup>126</sup> Erasmus Smit het genoeg getuienis geboekstaaf dat Gert Rudolph feitlik deurentyd die leier van 'n selfstandige laer was. Daarby was hy natuurlik 'n Voortrekkerkommandant.<sup>127</sup>

**VAN ROOYEN, GERRIT REYNIER** (*b9c6d1 gedoop 2/3/1788 X 8/2/1807 Adriana Maria Kok a1b6c1 gedoop 12/10/1788 XX Uitenhage 1/1/1826 Susanna Elisabeth Kok (weduwee van Ignatius Michiel van Rooyen) a1b7c1 gedoop 23/11/1788*).<sup>128</sup> Van Rooyen was 'n welgestelde bore van die plaas Zandvlakte by die teenswoordige dorpie Paterson in die Oos-Kaap. Hy het

120. KAB, LG 457, Kaffir Papers, H.F. Fynn – H. Hudson, 14/2/1839, p. 139.

121. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 574, 822; NAB, MSCE 3/4, Sterftekenisse, no. 28 (1851); NAB, MSCE 3/19, Sterftekenisse, no. R1, 1853/1858.

122. *The Graham's Town Journal*, 2/2/1837, no. 267 (List of Emigrant . . ., 25/1/1837).

123. KAB, LG 277, Letters received from Civil Commissioner, Uitenhage, Naam lijst van persoonen . . . (ingesluit by C.V. Buchner – J.W. van der Riet, 3/3/1837, p. 180), pp. 178-179.

124. C.F.J. Muller, *Leiers na die Noorde*, (Kaapstad, 1976), p. 86.

125. KAB, LG 277, Letters received from Civil Commissioner, Uitenhage, Naam lijst van persoonen . . . (ingesluit by C.V. Buchner – J.W. van der Riet, 3/3/1837, p. 180), pp. 178-179).

126. *De Zuid-Afrikaan*, 28/7/1837 (Bernard Rudolph se Joernaal); B. Oosthuizen, Herinneringe, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, III, p. 145; Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, II, 6/5/1837, p. 96.

127. Erasmus Smit, Dagboek, G.S. Preller (red.), *Voortrekker-mense*, II, 6/8/1838 en 8/8/1838, p. 223, 10/12/1838, p. 257.

128. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, pp. 407, 793; KAB, J 408 Opgaafrol, Uitenhage, Onder-Boesmansrivier, 1826, no. 112.

egter nog drie ander groot plase in die omgewing besit, nl. die plaas Gora by die teenswoordige Addo wat nie minder as 10 000 morg groot was nie, die plaas Rietberg, naby die Suurberg, en die aangrensende Welmanskraal. Verder het Van Rooyen ook eiendom in die dorp Uitenhage besit.<sup>129</sup>

'n Geselskap van 14 gesinne met 21 waens het in April 1838 hulle woonplekke in die wyk Onder-Boesmansrivier verlaat met die doel om by die Voortrekkers in Natal aan te sluit. Verbasend genoeg het die betrokke korrespondent van *The Graham's Town Journal* die spesifieke vertrekdatum van hierdie geselskap gegee, naamlik 17 April 1838. Alles dui dus daarop dat hierdie korrespondent in die onmiddellike omgewing van die vertrekkende emigrante was.<sup>130</sup>

Daar bestaan egter glad nie volkome sekerheid nie dat Van Rooyen wel die leier van die geselskap was wat op 17 April 1838 uit die Onder-Boesmansrivierwyk na Natal vertrek het. Weliswaar was Gert Reynier nommer een op die lys van emigrante, maar om dit alleen as deurslaggewende getuieis te aanvaar is vanselfsprekend nie genoeg nie. In die lig van die leidende aandeel wat hy in bestuursake in Natal geneem het, wil dit tog voorkom of hy die waarskynlikste leier van hierdie geselskap was.<sup>131</sup>

**VISAGIE (VISAGE), ARIE ZACHARIAS** (*b1c2d4e2 gedoop 21/4/1788 oorlede Pietermaritzburg 1858 X Johanna Elisabeth Vorster XX Jacoba Aletta Wilhelmina Lubbe*).<sup>132</sup> Visagie het die plaas Kleine Vallei naby die teenswoordige Wes-Kaapse dorp Citrusdal besit. Op die vooraand van die Groot Trek was dit geleë in die wyk Bo-Olifantsrivier (subdistrik Clanwilliam) van die distrik Worcester. Visagie was 17 jaar lank 'n veldkornet van hierdie wyk en dit spreek vanself dat hy 'n sterk invloed op sy mede-inwoners sou kon uitgeoefen het.<sup>133</sup>

Teen September 1836 het hy reeds sy plaas verkoop gehad en was sy bedanking as veldkornet ingestuur. Hy het aan siviele kommissaris Truter te kenne gegee dat hy na die distrik Graaff-Reinet gaan verhuis!<sup>134</sup> In die distrik Clanwilliam en veral in sekere wyke was daar in daardie maande 'n trekgees vaardig wat selfs trekpropageerders op die Oosgrens jaloers sou maak! 'n Lojale veldkornet van die Bokkeveld en teenstander van die trekgedagte, H.C. Nieuwoudt, het byvoorbeeld moedeloos in Mei 1837 gerapporteer dat "als alle tot trekken kom so als de geroep is, dan zal onse vrontieren ontbloot wesen want de een maak de ander gek."<sup>135</sup>

Behalwe dat Visagie se trekplanne heelwat invloed op ander Afrikanerboere sou gehad het en dat hy later in Natal 'n beduidende bydrae as Volksraadslid gelewer het, beskik ons nie oor ander gegewens wat daarop dui dat hy 'n leier van 'n trekgeselskap was nie.

## SAMEVATTING

Vir ons het die Groot Trek al sinoniem geword met die name van persone wat op die trekpad of later in die binneland hulle as belangrike Voortrekkerleiers onderskei het. 'n Lysie van hierdie

129. *The Graham's Town Journal*, 25/5/1837 (Advertensie, 22/5/1837).

130. *The Graham's Town Journal*, 26/4/1838, no. 328 (State of the Country).

131. J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Natalse Volksraad 1838-1845, SA *Argiefstukke*, Natal No. 1, pp. 24, 26, 31, 38, 39 en volgende bladsye soos in register.

132. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 1059; NAB, MSCE 4/224, Sterftekenisse (1858/1876). B. Cilliers, *Genealogieë*, p. 634.

133. KAB, CO 3954, Memorials received, A.Z. Visagie - L. Cole, 13/10/1831, no. 97.

134. KAB, CO 2765, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrates, J.P. Truter - Secretary to Government, 12/9/1836, no. 59.

135. KAB, CO 2773, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate Worcester, H.C. Nieuwoudt - W.C. van Ryneveld, 19/5/1837 (ingesluit by Van Ryneveld - Secretary to Government, 23/5/1837, no. 58).

voormanne met hulle vertrekdatums uit die Kaapkolonie lyk soos volg: Louis Tregardt (September 1835), Johannes Jacobus (Lang Hans) Janse van Rensburg (einde 1835), Andries Hendrik Potgieter (einde 1835/begin 1836), Gerhardus Marthinus (Gert) Maritz (ongeveer middel September 1836), Piet Retief (Februarie 1837), Petrus Lafras Uys (April 1837), Karel Pieter Landman (einde Oktober 1837) en Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius (einde Oktober 1838). Tregardt en Lang Hans van Rensburg sou waarskynlik nie hul plek in hierdie voorste linie van leiers verdien het as dit nie was dat hulle op die heel voorste punt van die epogmakende emigrasie beweeg het nie.

Daar is reeds genoem dat die Groot Trek egter nie net 'n migrasie van 'n stuk of agt groot trekgeselskappe was nie. Trouens, ons het gesien dat die meerderheid emigrante die Kaapkolonie as enkelgesinne of familiegroepe verlaat het en dat daar eweneens talle ander kleiner en groter trekgeselskappe was wat onder hul eie leiers die groot uittog aangedurf het.

Ten slotte lyk dit nuttig om die bogenoemde leiers en enkele besonderhede van hulle in 'n beknopte lys saam te vat en kortliks tot 'n paar gevolgtrekkings te kom. In die onderstaande lys word vier persone wat hierbo behandel is, naamlik J.J. Burger, J.M. de Beer, J.H. Kock en A.Z. Visagie nie ingesluit nie omdat dit nog te onseker is of hulle as trekleiers bestempel kan word. Die ampsposisie (indien enige) wat die persoon in die Kolonie beklee het, die distrik en streek (wyk of veldkornetskap) waaruit elkeen afkomstig was, asook die benaderde datum van vertrek uit die Kaapkolonie word aangedui:

Joachim C. Espag .....	vk., .....	Albany, Visrivier .....	1842
Hercules Philip Malan .....	vk., .....	Albany, Winterberg .....	Aug. 1836
Jacob de Klerk .....	.....	Beaufort, Nuweveld .....	Julie 1837
David Stephanus Fourie .....	vk., .....	Beaufort, Nuweveld .....	middel 1838
Pieter Daniel Jacobs .....	vkmdt., .....	Beaufort, Nuweveld .....	Apr./Mei 1838
Jan du Plessis .....	pvk., .....	Somerset, Tarka .....	Okt. 1938
Johannes Jacobus Erasmus .....	vk., .....	Somerset, Tarka .....	Okt. 1837
Stephanus Petrus Erasmus .....	vk., .....	Somerset, Brak/Kraair .....	mid. 1837
Jacobus C. Potgieter .....	pvk., .....	Somerset, Tarka .....	tweede helfte 1837
Johan Hendrik de Lange .....	.....	Somerset, Oos-Rietr. ....	mid. 1938
Hermanus S. Lombard .....	pvk., .....	Somerset, Oos-Rietr. ....	Mei 1838
Lucas Johannes Meyer .....	pvk., .....	Somerset, Oos-Rietr. ....	Sept./Okt. 1837
Louis Jacobs Nel .....	vk., .....	Somerset, Oos-Rietr. ....	Nov./Des. 1837
Philip A. Opperman .....	.....	Somerset, Baviaansr. ....	Nov./Des. 1837
Johannes Steph. Maritz .....	.....	Uitenh., Onder-Boesmansr. ....	Nov. 1836
Gerhardus J. Rudolph .....	.....	Uitenh., Onder-Boesmansr. ....	Mrt. 1837
Gerrit R. van Rooyen .....	.....	Uitenh., Onder-Boesmansr. ....	Apr. 1838

Uit bostaande gegewens is dit met 'n oogopslag duidelik dat die meerderheid van hierdie persone reeds in die Kaapkolonie leiers in hul onderskeie gemeenskappe was. Verder is dit insiggewend om waar te neem dat die meeste trekgeselskappe uit die wyke Oos-Rietrivier (teenswoordig Bedford), Tarka, Nuweveld (net noord van Beaufort-Wes) en uit die Onder-Boesmansrivier (onder meer die distrik Alexandria) afkomstig was. Eweneens bevestig dit dat 1837 die "groot trekjaar" was. Laasgenoemde stelling is egter slegs geldig in sover dit op grotere trekgeselskappe betrekking het. Dit wil beslis voorkom of daar van ongeveer 1840 af baie min groot georganiseerde trekgeselskappe uit die Kolonie vertrek het, maar dat daar wat getalle betref baie meer mense in die vroeë jare veertig as in die laat jare dertig van die negentiende eeu verhuis het.